Die Beeld - Aug 09 2009 07:17:24:973PM

Wat langafstand?atletiek betref, is daar steeds geen keer aan die 43-jarige Zola Pieterse (gebore Budd) nie.

Rufus Botha

Bloemfontein. – Wat langafstand?atletiek betref, is daar steeds geen keer aan die 43-jarige Zola Pieterse (gebore Budd) nie.

Pieterse, wat sedert Augustus verlede jaar saam met haar gesin Suid-Afrika verruil het vir twee jaar se verblyf in Amerika (Suid-Carolina) het in Bloemfontein gekuier en besluit om aan die Vrystaat-veldwedloopkam?pioenskap op die Kovsie-kampus deel te neem.

Sy het saam met die meestervroue (40 tot 44 jaar), wat saam met die o.17-meisies aan die 4 km-wedloop deelgeneem het, aangetree en hulle behoorlik stukkend gehardloop.

Pieterse, vroeër ’n tweemalige senior vrouewêreld-veldwedloopkampioen, Olimpiese 3 000 m-atleet en senior vroue-wêreldrekordhouer in die 5 000 m, was in die eerste 1,8 km in ’n titaniese stryd met drie van die land se voorste o.17-langasems gewikkel toe sy besluit het sy het genoeg van kinderspeletjies gehad.

Sy het net voor die halfpadmerk die voortou geneem met ’n houding van “vang hierdie tannie, as julle kan”, maar niemand kon by haar fiksheid en ondervinding bybly nie. Pieterse het tot groot genot en applous van die meer as 2 500 atlete en toeskouers, wat haar oor die laaste 100 m ingewag het, eerste oor die wenstreep in ’n skitterende tyd van 15:07 gehardloop.

Pieterse het al haar asem teruggehad teen dit tyd dat Lebohang Dlamini (HTS Sasolburg, 16:11), die wenner van die o.17 meisies-afdeling, meer as ’n minuut ná Pieterse oor die eindstreep gehardloop het. Dlamini was vroeër vanjaar ’n Suid-Afrikaanse jeugkampioenskap-finalis in die 800 m- en 1 500 m.

Indien Pieterse sou besluit het om die senior vroue aan te vat, sou sy die Vrystaatkampioen, Paulina Njeya (Nedbank Bfn Achilles, 16:02), óók lelik afgeransel het – en dit met bykans ’n minuut. Geen Vrystaatse meisie-, senior of meester-atleet kon binne 55 sekondes (sowat 280 m) van Pieterse se wentyd kom nie.